Woensdag **2 Oktober**

**Skrifgedeelte: Genesis 15:7-21**

**Fokusgedeelte: Genesis 15:18-21 (AFR83/2020)**

**Christus is die groot offer**

Soos die gedeelte wat ons gister gelees het, begin hierdie gedeelte ook met ’n belofte van die HERE en word dan opgevolg deur ’n vraag van Abram oor die belofte. In hierdie Skrifgedeelte gaan dit oor die land wat die HERE aan Abram gee. Abram glo in die beloftes van die HERE, maar ’n lewende geloof moet altyd versterk word, soos wat ons geloof met ons deelname aan die heilige Nagmaal elke keer weer versterk word as ons dit gebruik.

Die HERE rig ’n verbond op met Abram by wyse van ’n uitgebreide seremonie. Abram berei die diere voor vir die verbondseremonie. Maar voor die seremonie plaasvind, oorval ’n diep slaap hom, en God gaan dan voort om sy verbond alleen met Abram te sluit. In ’n skrikwekkende en donker moment bevestig die HERE dat Abram se nageslag die beloofde land in besit gaan neem en verseël dit deur tussen die offerdiere deur te beweeg. In die proses maak die Here Homself aan Abram bekend as die rook van ’n oond en die vuur van ’n fakkel.

Die rook van ’n oond en die vuur van ’n fakkel illustreer God se ewige teenwoordigheid by sy kinders op die aarde. God se beloftes bly nooit in die lug hang nie, maar word bevestig in God se liefde deur Jesus Christus wanneer Hy na die aarde toe kom en aan die kruis sterwe.

Jesus Christus is op die ou end die groot offer wat gebring moes word sodat versoening tussen sy kinders en God moontlik kan wees. Die Heilige Gees word uitgestort en mense sien tonge, asof van vuur, aan hulle verskyn, verdeel en op elkeen van hulle neerdaal (Hand. 2:3). Elkeen van God se beloftes is sonder enige twyfel ingemessel in ons bestaan, en ons kan altyd op sy goedheid en almag staatmaak.

*Sing: Psalm 91-2:1*

*Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)*